Bib 130/85

SIMON DAVIDS APPELLANT

en

DIE STAAT RESPONDENT

SAAK NO 15/85
/CCC

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (APPèLHOF)

In die saak tussen

SIMON DAVIDS — APPELLANT

en

DIE STAAT — RESPONDENT

CORAM: TRENGOVE, BOSHOFF ARR et CILLIé Wnde AR

VERHOOR: 8 NOVEMBER 1985

GELEWER: 19 NOVEMBER 1985

---

## U I T S P R A A K

TRENGOVE, AR:

Die/ ......

Die appellant, 'n negentienjarige Swartman, is op 6 Desember 1984 in die Suid-Oos Kaapse Plaaslike Afdeling aan moord, met versagtende omstandighede, op ene Reginal Mabandla Mkohlo (die oorledene) skuldig bevind en hy is gevolglik tot 10 jaar gevangenisstraf gevonnis. Hy kom met verlof van hierdie hof - verleen kragtens die bepalings van artikel 316(8)(a)(ii) van die Strafproseswet 51 van 1977 - in hoër beroep teen sy vonnis. Daar is namens die appellant betoog dat die vonnis in die lig van al die feitlike omstandighede onredelik swaar is en dat dit deur 'n gepaste vonnis vervang behoort te word. Dit is die enigste werklike geskilpunt in hierdie appèl.

Die verhoorregter het die staatsgetuies se weergawe van die omstandighede waarin die oorledene om die lewe gebring is, aanvaar. Dit is in breë trekke soos volg. Teen die vroeë aand van Saterdag 29 Oktober 1983 was die appellant by sy huis in die Swartwoonbuurt op Humansdorp. Hy was daar saam met 'n jonger suster en nog twee meisies. Een van hulle was sy vrymeisie, Sarah Mandeka. Om ongeveer 18h30 het die oorledene en nog 'n man heeltemal onverwags daar opgedaag. Laasgenoemde het net 'n rukkie daar vertoef. Hy was gevolglik nie by die verdere gebeure betrokke nie. Die appellant en sy suster het die oorledene geken maar dit was blykbaar die eerste keer wat hy daar by hulle huis aangekom het.

Hy/ ......

Hy was opsigtelik onder die invloed van drank, hy was in ŉ astrante stemming en hy het daarop aangedring dat hy bier wil hê. Toe die appellant se suster aan hom sê dat hulle net sorghumbier het, en Sarah byvoeg dat hy hulle blykbaar "try", soos dit in die oorkonde gestel is, het die oorledene hom vererg. Hy het vir Sarah in die gesig geklap en toegevoeg dat hy nie "daardie nonsens" drink nie. Soos te begrype is, het die oorledene se optrede die appellant ontstel en toe hy die oorledene vra waarom hy vir Sarah klap, pluk die oorledene ŉ mes uit en snou die appellant toe "ja jy wil ook kom nonsens aanjaag". Die appellant probeer toe om die mes by die oorledene af te neem. Hulle gryp

mekaar/ ......

mekaar vas en begin stoei om die besit van die mes.

Met die gestoei is hulle naderhand uit die huis uit waar hulle toe met die gestoei voortgaan in 'n gangetjie wat langs die huis na die straat loop. Die appellant het daarin geslaag om die mes by die oorledene af te neem. Toe dit gebeur, retireer die oorledene in die rigting van die straat terwyl die appellant hom nader met die mes in sy hand. Op daardie tydstip het die oorledene se buurman, Elias Tebekana, toevallig daar verbygekom. Hy het gesien hoedat die appellant met die mes na die oorledene steek, maar die hou het hom nie getref nie. Die oorledene het gegly, opgestaan en weer agteruit beweeg. Die appellant het hom steeds

met/ ......

met die mes in sy hand genader. Elias Tebekana wou die appellant keer. Toe hy ongeveer drie tree van hom af was, sien hy hoedat die appellant die oorledene een hou met die mes in die bors steek. Hy het tussenbeide getree, die appellant vasgevat en hom gesê om terug te gaan na sy huis. Die appellant het geen weerstand gebied nie en sonder meer sy aanval op die oorledene gestaak. Daarna het Elias Tebekana 'n persoon met 'n bakkie gekry om die oorledene na die hospitaal te vervoer. Hy het op pad daarheen beswyk. Intussen is die appellant terug na sy huis. Later het vriende van die oorledene daar opgedaag. Hulle wou blykbaar die appellant in die hande kry. Hy het egter by 'n venster uitgeglip en

na/ ......

na die polisiestasie gehardloop waar hy homself oorgegee het.

Die na-doodse ondersoek van die liggaam van oorledene het getoon dat hy as gevolg van 'n steekwond in die hart, en bloeding in die hartsak, gesterf het. 'n Ondersoek van 'n bloedmonster van die oorledene het getoon dat die alkohol-konsentrasie daarin 0,22 gram per 100 milliliter was. Dit beteken dat hy ten tyde van sy dood redelik erg onder die invloed van drank was. 'n Soortgelyke ondersoek in die geval van die appellant het getoon dat hy waarskynlik ook die betrokke aand onder die invloed van drank was. In sy geval was die alkohol-konsentrasie 0,15 gram per 100 milliliter. Dit blyk

ook/ ......

ook dat die appellant 'n aantal vorige veroordelings het. Hy is op 22 Maart 1978 skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel, en diefstal, by 'n drankwinkel en op 18 April 1978 gevonnis tot lyfstraf van ses houe met 'n ligte rottang. Daarna is hy op 29 Julie 1980 skuldig bevind op een klagte van openbare geweld, een klagte van poging tot moord, en twee klagtes van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy is by die geleentheid gevonnis tot 2 jaar gevangenisstraf op die eerste klagte en 6 maande gevangenisstraf op elkeen van die ander klagtes wat gelyktydig met die vonnis op die eerste klag uitgedien moes word. Dit blyk dat hierdie vier klagtes uit 'n

enkele insident voortgespruit het. Wat hierdie oortredings betref, het die verhoorregter die mededeling van die appellant se advokaat daaromtrent aanvaar naamlik: "dat die beskuldigde in hierdie gevalle saam met ander mense opgetree het en dat hulle in 'n groep gehandel het. Hulle het as a groep blykbaar die klaer of klaers met klippe bestook, met stokke en kieries te lyf gegaan en hulle geskop." Dit strook met die gegewens wat op vorm SAP 69 in verband met die onderskeie klagtes verstrek word. En dit is waarskynlik ook die rede waarom die appellant op die klagte van poging tot moord slegs ses maande gevangenisstraf opgelê is.

Die/ ......

Die verhoorhof is ook meegedeel dat die appellant nooit skoolgegaan het nie en nie enige opleiding vir een of ander besondere soort werk ontvang het nie.

Teen hierdie agtergrond kom ek nou by die verhoorregter se benadering tot die moeilike probleem van straftoemeting. Hy beklemtoon tereg dat die appellant aan 'n besondere ernstige misdaad skuldig bevind is. Dit is inderdaad die geval. Moord is uiteraard altyd 'n ernstige misdaad. Die verhoorregter het verder aanvaar dat die appellant "redelik onder die invloed van drank was deurdat hy 'n bloed alkohol bestanddeel gehad het van ,15 gram

per 100 milliliter bloed". Dit blyk nie uit die oorkonde presies hoe laat in die aand hierdie bloedmonster getrek is nie. Dit is dus selfs moontlik dat die alkohol-konsentrasie in die appellant se bloed ten tyde van die gewraakte voorval hoër kon gewees het. Die appellant het getuig dat hy die betrokke dag ŉ halwe bottel, of selfs meer, "Black Label Brandy" gedrink het, asook ŉ glas wyn. Die verhoorregter verwys ook na "die provokasie deur die oorledene wat ongenooid die beskuldigde se huis betree het en kom skoor soek het en wat uiteindelik ŉ lang moordadige mes te voorskyn gehaal het". Na my

oordeel/ ......

oordeel was daar ernstige provokasie in die onderhawige geval. Dit is duidelik dat die oorledene die aanvanklike aggressor was. Hy was beledigend en uittartend, hy het vir Sarah in die gesig geklap en toe die appellant hom teregwys, haal hy die mes uit. In daardie omstandighede kan dit die appellant nouliks verkwalik word dat hy probeer het om die oorledene te ontwapen. Die fout wat hy gemaak het was om met die aanval aan te gaan nadat hy die mes in die hande gekry het. Die verhoorregter het, na my oordeel, ook tereg bevind dat die appellant nie die direkte opset gehad het om die oorledene om die lewe te bring nie. Die verhoorregter het tereg ook die "jeugdige ouderdom" van

die/ ......

die appellant as 'n versagtende omstandigheid aanvaar. Hy was egter ongeneë om te aanvaar dat die appellant ten tyde van die verhoor slegs 19 jaar oud was. Na my mening was dit 'n mistasting wat, soos ek weldra sal aantoon, ook die verhoorregter se beoordeling van die erns van die appellant se vorige oortredings beïnvloed het. Die appellant se ouderdom is in die klagstaat as 19 jaar aangegee. Hy het daarbenewens getuig dat hy 19 jaar oud is en hy is nie daaromtrent ondervra nie. Die verhoorregter sê egter in dié verband:

> "Ek het egter nou my bedenkinge oor daardie aspek van die saak daar dit uit die vorige veroordelings wat deur die beskuldigde erken is, blyk dat hy in 1980 twee jaar gevangenisstraf opgelê is weens sekere

> oortredinge. Dit is reeds 4 jaar gelede en moet inhou dat hy toe 15 jaar oud was. Dit kom my hoogs onwaarskynlik voor dat enige Hof 'n 15 jaar oue kind tot 2 jaar gevangenisstraf sou gevonnis het. Die beskuldigde is dus heelwaarskynlik ouer as 19 jaar."

Ek kan nie met hierdie benadering saamstem nie. As die verhoorregter vanweë die gegewens in vorm SAP 69 bedenkinge gehad het oor die appellant se ouderdom moes hy verdere navrae hieromtrent laat doen het. By ontstentenis van enige verdere inligting in dié verband moes die verhoorregter, na my mening, ten gunste van die appellant aanvaar het dat hy waarskynlik 19 jaar oud is en dat hy dus nog baie jonk moes gewees het toe hy die vorige oortredings begaan het. Wat laasgenoemde

oortredings/......

oortredings betref sê die verhoorregter verder in sy uitspraak: "Dit blyk uit die lys van vorige oortredings van die beskuldigde dat hy iemand is wat geweldadige neigings het..." Na my oordeel is dit ook 'n mistasting. Die feit dat 'n jong seun by een geleentheid in 'n voorval van geweld, soos hierbo bestryf, betrokke was, regverdig nie die afleiding dat hy 'n persoon met "geweldadige neigings" is nie.

Om saam te vat. Hoewel die verhoorregter die onderskeie versagtende omstandighede by die straftoemeting in ag geneem het, het hy hulle, na my oordeel, nie behoorlik na waarde beoordeel nie. Hy het hulle nie swaar genoeg ten gunste van die appellant

laat/ ......

laat tel nie. Daarenteen het hy die erns van die appellant se vorige oortredings oorbeklemtoon. Hierdie hof is dus geregtig om in te gryp en 'n gepaste vonnis op te lê. Alles in ag genome, sal 'n vonnis van ses jaar gevangenisstraf, na my oordeel, 'n gepaste vonnis wees.

Die appèl slaag. Die vonnis word ter syde gestel en vervang deur 'n vonnis van 6 jaar gevangenisstraf.

TRENGOVE, AR

BOSHOFF, AR )
) Stem saam
CILLIé, Wnde AR)